

13

DIE TREK UIT EGIPTES

God red en versorg

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet waarom God die Israelite red en versorg.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- dat God die volk Israel uit Egipte gered het.
- God gebruik wonderwerke om die volk te red.
- die Here versorg sy volk in die woestyn.

Gesindheid

Die kinders moet –

- aangegryp wees deur die wonderwerke wat God laat gebeur om sy volk te red.
- dankbaar wees dat God ons ook gered het.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- die tien plae kan onthou.
- kan vertel hoe God sy volk gelei en versorg het.

MEER INLIGTING (Eksodus 2-5 en 7-12)

Baie jare het verbygegaan sedert die tyd van Josef van wie ons in Les 10 geleer het. Die Egiptenaars het nie meer onthou dat Josef hulle van hongersnood gered het nie. Die Israelite het so baie geword dat die Egiptenaars bang was dat die Israelite oor hulle sou heers en hulle naderhand slawe vir die Israelite sou wees. Die farao het beveel dat al die pasgebore seuntjies van die Israelite doodgemaak moes word.

Amram se vrou, Jogebed, het 'n seuntjie gehad. Sy het hom drie maande lank weggesteek. Toe het sy vir hom 'n biesiemandjie gekry en dit met klei en pik dig gemaak. Sy het die seuntjie daarin neergelê en dit tussen die riete aan die kant van die Nyl gesit. 'n Dogter van die farao het afgegaan Nyl toe om te swem en het die mandjie tussen die riete gesien. Die seuntjie se suster, Miriam, kom sê toe vir die farao se dogter dat sy 'n vrou kan gaan roep om hom te versorg. Toe hy oud genoeg was, het die vrou, wat sy eie ma was, hom na die dogter van die farao toe gebring. Die farao se dogter het hom as haar eie seun aangeneem. Sy het hom Moses genoem. Die naam beteken *uitgehaal (uit die water)*.

Moses het in die farao se paleis grootgeword. Toe hy 'n volwasse man was, het hy gesien hoe 'n Egiptenaar 'n Israeliet slaan. Hy het die Egiptenaar doodgemaak. Dit het bekend geword dat hy dit gedoen het. Die farao wou hom laat doodmaak. Moses het na Midian gevlug en daar by 'n priester gaan woon. Hy is later met een van die priester se dogters getroud. Hy het die kleinvee van sy skoonpa opgepas.

Terwyl Moses kleinvee by Horeb oppas, sien hy 'n vlam in 'n doringbos. Die bos het nie uitgebrand nie. God het uit die bos met Moses gepraat. Hy het sy Naam aan Moses bekend gemaak, naamlik *Ek is*. God het Moses wondertekens laat doen en hom beveel om na Egipte terug te gaan om die Israeliete te verlos. Moses het homself probeer uitdraai, maar God het dit nie toegelaat nie.

God het vir Aäron, Moses se broer, saam met hom na die farao gestuur. Hulle het die farao gevra om die Israeliete te laat gaan om in die woestyn tot God te offer. Die farao wou nie en het die werk van die Israeliete moeiliker gemaak. Moses het wondertekens voor die farao gedoen, maar sy towenaars het dit net so goed reggekry. Toe het die Here tien plaë oor Egipte laat kom. Die farao het hulle ná die tiende plaag, die dood van die eersgeborenes, laat gaan.

Voor die tiende plaag moes die Israeliete 'n jaar oue skaap- of bokrammetjie, sonder liggaamsgebrek, slag. Hulle moes die bloed aan hulle huise se deurkosyne se sykante en bokant smeer. Die hele dier moes gebraai word en alles moes deur die nag geëet word, saam met ongesuurde brood en bitter kruie. Niks moes oorbly nie; alles wat nie geëet is nie, moes verbrand word. Hulle moes haastig eet, met reisklere aan.

Dieselfde nag het alle eersgeborenes in Egipte, mens en dier, gesterf. Die huise waar daar bloed teen die kosyne was, is nie met die dood getref nie. Die farao het die Israeliete toe laat gaan. Die Israeliete moes hierdie gebeurtenis onthou deur elke jaar die paasfees te vier.

Die Israeliete het baie goud en silwer sowel as klere van die Egiptenaars geëis. Hulle het daarna na die Rietsee getrek. Die farao het spyt gekry dat hy hulle laat gaan het en het hulle met strydwaens agternagesit. Die Israeliete het bang geword. God het Moses beveel om sy hand oor die see uit te steek. Die water het 'n kloof gevorm, en die Israeliete kon deurtrek. Die Egiptenaars het hulle in die kloof in gevolg. Toe al die Israeliete die ander kant bereik het, het Moses weer sy hand oor die see uitgesteek, en die water het teruggevloei. Die hele Egiptiese leër het verdrink. Geen Israeliet het verdrink nie.

God het die Israeliete bedags met 'n wolkkolom en snags met 'n vuurkolom gelei. Hy het aan hulle water en kos gegee. Hy het hulle beskerm teen vyandige volke, want Hy was getrou aan sy verbond met Abraham. Hy het aan hulle die tien gebooue gegee. Die volk het reëls oor die

samelewing ontvang. So het God sy belofte nagekom deur die Israeliete 'n groot volk te maak. Hy was met hulle op pad na die beloofde land.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- 'n Vraestel uit Les 10 se vraebank.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

Laat hulle die opgestelde vraestel skryf. (Kyk by JY HET NODIG in Les 10.)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Die Egiptenaars was bang dat hulle slawe vir die Israeliete sou word aangesien die Israeliete so baie geword het. Daarom het die farao beveel dat al die pasgebore seuntjies doodgemaak moes word.

Amram en Jogebed het 'n seuntjie gehad. Jogebed het hom drie maande lank weggesteek. Sy het hom in 'n biesiemandjie tussen die riete in die Nyl weggesteek, waar die farao se dogter hom gekry het.

Die seuntjie se suster, Miriam, het gesien dat die prinses hom uit die water haal. Sy het aangebied om 'n vrou te gaan roep om die baba te versorg. Miriam se ma het haar eie seuntjie versorg totdat hy groot genoeg was. Sy het hom toe na die dogter van die farao teruggeneem.

Die dogter van die farao het hom grootgemaak as haar eie seun. Sy het hom Moses genoem wat beteken *uitgehaal (uit die water)*. Moses het in die farao se paleis grootgeword.

IETS INTERESSANT

Die Here het die tien plaë oor Egipte laat kom. Die tiende plaag was die dood van die eersgeborenes. Dit beteken die oudste kinders in elke huis moes sterf.

Maak 'n opsomming uit die inhoud in MEER INLIGTING om vir die kinders te vertel van Moses as volwasse man.

Verduidelik aan die kinders die opdrag wat God aan die Israeliete gegee het voordat die tiende plaag plaasgevind het. (Sien MEER INLIGTING, paragraaf 6.)

Daardie aand het alle eersgeborenes van die Egiptenaars gesterf, mens en dier. Die huise waar daar bloed teen die kosyne was, is nie deur die dood getref nie.

Die Israeliete moes dié gebeurtenis elke jaar onthou deur die paasfees te vier.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer in:

- Na die tiende plaag het die farao die Israeliete laat trek.
- God het die Israeliete beskerm.
- Snags het Hy hulle gelei met 'n vuurkolom en bedags met 'n wolkkolom.
- God het nog steeds sy belofte aan Abram nagekom.
- God sou die Israeliete 'n groot volk maak.
- Hy het aan die Israeliete die tien gebooie gegee.
- Hulle het ook reëls oor die samelewing ontvang.
- God bly getrou aan sy verbond en beskerm ons vandag nog steeds.

IETS OM TE DOEN

Help die kinders om uit die Bybel die tien plae te vind en die ander vrae te beantwoord:

- Die tien plae: Hulle soeklees Eksodus 7-11.

1ste: <i>Water word bloed</i>	2de: <i>Paddas</i>
3de: <i>Muggies</i>	4de: <i>Steekvlieë</i>
5de: <i>Pes onder die vee</i>	6de: <i>Swere</i>
7de: <i>Hael</i>	8ste: <i>Sprinkane</i>
9de: <i>Drie dae donker</i>	10de: <i>Dood van eersgeborenes</i>

- Die ander vrae: Hulle soeklees Eksodus 4: 14-17.
 - o Wie was Aäron? *Hy was Moses se broer, 'n Leviet.*
 - o Waarom moes Aäron saam met Moses na Egipte gaan? *Aäron kon goed praat. Hy moes namens Moses met die volk praat.*
 - o Waarmee moes hulle die tekens uitvoer? *Met die kierie.*

BY DIE HUIS

Laat die kinders –

- 'n kort paragraaf skryf oor hoe die Here die Israeliete gered het toe hulle deur die Rietsee moes trek.
- die vrae en antwoorde gaan leer.

AFSLUITING

Een van die kinders lees Psalm 105: 8, waarna 'n ander kind afsluit met 'n gebed.

*Hy het deur Moses en Aäron
hul t'ruggebring na hulle oorsprong.
Hy het sy volk weer uitgelei,
van die Egiptenaars bevry.
Hy het gesorg vir hul behoud,
belaaï met silwer en met goud.*

Belangrike nota vir die kategeet

- Reël met al die ouers om met Les 14 saam te kom klas toe.
- Reël met 'n ouer om by daardie geleentheid met gebed te open.